

Maandag

Joh. 1: 32 – 34; 8: 31 – 59; Joh. 8: 36 Eers as die Seun julle vrymaak sal julle werklik vry wees. Tema: "Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry." Is God die Vader ons Vader, of is God ons vaderfiguur? In Joh. 8 vind die diepste breuk tussen Jesus en die Jode plaas. Dit wys duidelik uit hoe Jesus en die Jode mekaar hier aanspreek. Die Jode sê vir Jesus Hy is 'n buite-egtelike kind, Hy is 'n Samaritaan en is van die duiwel besete. Jesus sê vir hulle dat hulle slawe is, hulle nie kinders van Abraham is nie, God die Vader nie hulle Vader is nie en dat hulle kinders van die duiwel is. Onversoenbaar teensprekend! Hoe kan Jesus Christus mense wat 'n verklaring maak dat God hulle Vader is, veroordeel as mense wat nie die Vader ken nie, nie in die Vader glo nie, maar kinders van duiwel is. Daar is vandag baie min kerkmense wat hierdie veroordeling van die Here soos Hy dit hier uitspreek nog as die waarheid aanvaar. Kerkmense het deesdae die houding dat alle mense tog op die einde dieselfde God aanbid, net op verskillende maniere. Wie sal nog vandag hierdie veroordeling van die Here as die waarheid aanvaar: dat mense wat verklaar dat God hulle Vader is, is nie sy kinders nie - hulle is kinders van die duiwel! ? Wat Christus in hierdie veroordeling doen, is om 'n onderskeid te maak tussen mense wat self van God hulle vaderfiguur maak en mense wie God die Vader sy kinders maak. Hierdie is werklik twee heeltemal verskillende sake: a. mense wat self God hulle vaderfiguur maak en b. God die Vader wat sondaars sy kinders maak. Die een gaan oor wat MENSE met God doen en die ander gaan oor wat GOD met sondaars doen. Dit is hierdie verskil tussen wat God die Vader met sondaars doen en wat mense met God doen, wat maak dat Jesus Christus mense wat verklaar God is hul Vader VEROORDEEL as kinders van die duiwel. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds Petrus.

Dinsdag

Joh. 1: 32 – 34; 8: 31 – 59; Joh. 8: 36 Tema: "Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry" . Daar is groot verskil tussen 'n regte pa wat pa is vir sy kinders en mense wat pa-staan vir kinders! Die een is 'n regte pa en die ander is net besig om pa te staan sonder om pa te wees. Hierdie een waar jy net pa-staan sonder om 'n regte pa te wees, noem ons 'n vaderfiguur. Dit is iemand wat pa speel maar nie pa is nie. Die verskil tussen 'n pa en iemand wat pa-staan is dat regte pa's kinders maak, maar kinders maak sommer 'n vaderfiguur in hulle wense en gedagtes op. Dit is hoekom Jesus en die Jode só skerp verskil: Jesus is regtig self die Seun van God die Vader wat sondaars kinders van God sy Vader maak. Dit is wat Jesus in 8: 58 verklaar met die woorde: "Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is." Hierdie woorde staan in Ex. 3:13,14: "Daarna sê Moses vir God: "Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: 'Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,' en hulle vra vir my: 'Wat is sy Naam?' wat moet ek dan vir hulle sê?" 14 Toe sê God vir Moses: "Ek is wat Ek is." Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur." Duideliker kon die Here Jesus dit

nie sê nie. Hierdie woorde “Ek is wat Ek is”, word in Hebreeus as Jahweh uitgespreek. Ons vertaal dit in die Bybel met die woord “Here”. Só, die woord “Here” beteken in die Bybel, God is wat Hy is, jy kan vir God nie ’n noemnaam soos vir mense gee nie. Die Bybel noem Jesus “die Here” omdat Hy God is soos God, God is in Ex. 3. Jesus Christus is God en omdat Hy God die Seun is, maak Hy sondaars kinders van God die Vader. Net Hy kan sondaar kinders van God die Vader maak, niemand anders nie. Mense kan hulle self nie kinders van God maak nie. Ds. Petrus

Woensdag

Joh. 1: 32 – 34; 8: 31 – 59; Joh. 8: 36 Tema: "Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry." Die Jode wil nie hê Christus moet hulle kinders van God maak nie. Hulle wil self God hul vader maak. Die Jode het op twee maniere hulle self probeer kinders van God maak: 1. deur te verklaar hulle is afstammeling van Abraham en 2. deur te verklaar dat hulle nie afgode aanbid nie, maar net die een God se wet gehoorsaam. Met die verklaring dat hulle afstammeling van Abraham is, sê die Jode dat hulle as Abraham se nageslag, maak kinders van God wanneer hulle babas maak. Kan mense kinders van God maak wanneer hulle babas maak of kan net God babas sy kinders maak? Daarom sê Jesus vir hulle dat al is hulle familie van Abraham, is hulle nie kinders van Abraham nie. Daarmee wys die Here dat net Hy Abraham se kinders, God se kinders maak - pa's en ma's kan dit nie deur voortplanting doen nie. Die ander manier waarop die Jode hulle self kinders van God wou maak, is met hulle verklaring dat: “Ons is nie uit owerspel gebore nie. Ons het net een Vader, naamlik God.” Hierdie is die verklaring wat alle Jode maak as hulle geloofsbelydenis aflê. In Jakobus word hierdie belydenis so aangehaal: “Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bese geeste glo dit ook – en hulle sidder van angs.” (Jak. 2: 19). Hulle het ook geglo dat hulle hierdie een God reg dien deur sy wet, die Tien Gebooe, te gehoorsaam. Hulle glo daar is net een God en deur hulle gehoorsaamheid, is God hul Vader. Maar so maak hulle egter van God hul vaderfiguur, want mense kan nie God hul Vader maak nie. Dit kan net Christus doen. Ds. Petrus.

Donderdag

Joh. 1: 32 – 34; 8: 31 – 59; Joh. 8: 36 Tema: "Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry." Hoe maak God ons sy kinders en hoe maak God Hom ons Vader? In Joh. 1:14 word dit só gestel: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.” God self word ’n sondige mens in ons plek, en sluit ons in by wie Hy as mens vir ons is. In Joh. 1:32 word hierdie insluiting in Christus genoem “die doop met die Gees.” Jy kan jouself nie ’n kind van God die Vader maak deur Hom as God te erken en te gehoorsaam nie. Hy maak jou sy kind deur jou in te sluit in wie Hy vir jou as God is. Wat doen regte pa's vir kinders en wat doen ’n vader-figuur vir kinders? Regte pa's betaal vir die slegte dinge wat hulle kinders doen, maar ’n vaderfiguur 'staan pa' vir kinders om die sleg wat kinders doen goed te maak. ’n Mens sien dit sommer by die

skool. Wanneer kinders slegte goed doen, soos ander kinders se tasse of tande breek, dan kom 'n regte pa skool toe en betaal vir wat sy kind gebreek het. 'n Vaderfiguur gaan skool toe, praat kinders se slegte gedrag goed en maak ander uit as die oorsaak van kinders se slegte gedrag. Vaderfigure 'staan pa' vir kinders asof hulle hul self nie sleg gedra het nie. Regte pa's betaal vir hul kinders se sondes! Vaderfigure 'staan pa' vir kinders! God die Vader máák ons sy kinders en betáál vir ons sondes deur sy Seun as offer te gee. Geestelikes, soos die Jode, wil nie dat God die Vader hul sondes betaal deur die offerdood van sy Seun nie. Hulle soek 'n vaderfiguur wat sal 'pa staan' vir hulle optredes deur hulle as goeie (!) mense te regverdig. Hulle wil God die Vader nie ken as die Vader wat sy Seun moet gee as betaling vir hul sonde nie. Ds. Petrus.

Vrydag

Joh. 1: 32 – 34; 8: 31 – 59; Joh. 8: 36 Tema: "Christus maak ons kinders van sy Vader om ons van God as vaderfiguur te bevry." Die doop met water is 'n teken dat Christus ons met die Heilige Gees gedoop het. Joh.1:26. Om ons met die Gees te doop, beteken Christus maak sy Vader ons Vader deur ons in te sluit en te laat deel in alles wie Hy as mens in ons plek was en van dag is. In ons vereniging met Christus deel ons in die volle betaling van God die Vader vir ons sondes deur sy Seun se offerdood. Ons doop in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees wys God die Vader het ons sy kinders gemaak, deur die betaling van sy Seun en deur die Gees wat ons by sy Seun insluit. Alle geestelikes verander die betekenis van die doop na 'n teken dat hulle met hulle bekering van God hulle vaderfiguur maak. Vir hulle is die doop teken dat wanneer hulle die wet oortree, en hulle sê jammer, dan moet God 'pa staan' dat hulle jammer-sê só goed, opreg en eerlik is, dat dit alles regmaak! In hierdie 'pa-staan' van God vir hulle jammer-sê, betaal God niks nie. Só maak hulle God 'n vaderfiguur wat moet 'pa staan' dat wanneer hulle belowe om nie weer kwaad te doen nie, God vir die beloftes wat hulle maak moet instaan. En dan, omdat hulle van God 'n 'pa staan'-God maak, MAG God nie vir hulle sê sulke beloftes help niks nie. God mag ook nie vir hulle sê dat hulle nie sulke beloftes kan hou nie. En, volgens hulle verdraaide siening, mag God nie alles reg maak deur sy Seun alles te laat betaal nie. Nee: al wat God mag en moet doen is om 'pa te staan' deur hulle onbetroubare beloftes aan God waar te maak. Só moet God vir hulle 'pa staan' deur alles wat hulle probeer goed doen, goed te praat asof hulle goeie bedoelings het, asof hulle reg liefhet, asof wat hulle vir God doen, reg is, AL IS DIT NIE VOLGENS SY WET REG NIE! God moet hulle sogenaamde goeie werke goedpraat, al is dit nooit volgens sy wil reg nie! Dís hulle arrogante verdraaiing van die ware godsdiens! Ds. Petrus.